NG KERK FOKUS BERG-EN-DAL

NG KERK 70 JAAR BERG-EN-DAL

*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 30 Augustus 2026**

**Lewende-dood of lewend vanuit Sy dood...**

*"'Ek ken jou dade – jy staan daarvoor bekend dat jy lewe, maar jy is dood.*
*Wees wakker, en versterk diegene wat nog oor is, wat op die punt is om dood te gaan...*
*'Wie oorwin, sal net so wit klere kry om aan te trek, en Ek sal sy naam nie uit die boekrol*
*van die lewe skrap nie, maar voor my Vader en sy engele oor hom getuig.'"*
(Openbaring 3:1b-2 en 5)
*"Daarom, elkeen wat My voor die mense bely,*
*sal Ek ook voor my Vader in die hemele bely."*
(Matteus 10:32)

Om in 'n valse gerustheid en sekerheid te leef, is dalk net een van die gevaarlikste vyande vir Christene. As jou adres in 'n straat in Sardis was, moes jy dit geweet het. Want hierdie skynbaar oninneembare stad was in die onlangse verlede, nie een keer nie, maar twee keer ingeneem, omdat die wat moes waghou so gerus was dat hulle nie op hulle pos was nie. Die stad was vas aan die slaap gevang. Dit was egter nie net die stad wat aan die slaap was nie. Die gemeente van die lewende Here Jesus in Sardis was eweneens toegewikkel in 'n snoesige warm valse sekerheid. Daarom moes die woorde van Jesus as 'n geweldige skok gekom het: *"...jy staan bekend daarvoor dat jy lewe, maar jy is dood".*

Die vraag is, waaraan meet die Here die lewe van sy kerk? Wat sou die Here se getuienis oor Sardis verander? Wanneer sou Sardis, en elke ander gemeente van die Here, 'n lewende gemeente wees? Wanneer die finansies klop? Wanneer die gemeente nie vyande maak nie? Wanneer daar nie dwaalleraars probeer om die gelowiges te mislei nie? Of sou hierdie juis dalk die tekens wees van 'n gemeente wat lewende-dood geword het?

Alles is egter nie verlore nie, die Here van sy kerk het nog 'n baie swak hartklop gevind, daar is nog mense wie se klere nie deur die wêreld gevlek is nie, maar as die gemeente nie nou luister nie, kan dit dalk gou te laat wees. Die gemeente in Sardis kry daarom 'n paar opdragte om die finale dood vry te spring en dit sou die kerk van die Here in 2026 baat om uit Sardis se foute te leer. Om te leer dat lewe uit die dood kom – die dood van ons Here Jesus Christus en dat die bewys van lewe 'n kragtige getuienis sou wees in die wêreld waar hulle geplant is. Net dan sal die Here van die kerk oor hulle kan getuig in die troonsaal van God.

**– ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; en in die saal deur ds. Jan Lubbe en dr. Matildie Wium.
Indien u 'n Liedboek of Bybel benodig, daar is by die ingangsdeure beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie.
Hartlik welkom ook aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

**Votum:** Openb. 1:8 *“Ek is die Alfa en die Omega...”*
Lied 367:1 Ere aan God

**Seëngroet**

**Lofprysing:** Lied 602:1, 2, 3, 4 & 5 Ek sien ‘n nuwe hemel kom
(Beurtsang: Vers 2 mans; vers 3 vroue)

**Herinnering aan my skuld:** Openb. 2:5 *“Maar Ek hou dit teen jou...”*

**Skuldbelydenis:** Lied 233:1 Ek, Vader, wat gesondig het

**Vryspraak:** Jes. 1:18-20 *“Al is julle sonde rooi...dit sal wit word soos sneeu”*

**Danklied:** Lied 329:1 (2x) Want so lief het God die wêreld gehad

**Wet:** Rom 13:8-12

**Gebed**

**Skriflesing:** Openb. 3:1-6

**Aansteek van die kers om die boodskap aan Sardis te onthou...**

**Woordverkondiging** Tema: Lewende-dood of lewend vanuit Sy dood...

**Gebed**

**Geloofsbelydenis:** Lied 265:1 & 2 Enigste Here, enkele Wese

**My offergawe**

**Slotlied:** Lied 597:1, 2 & 5 Die met helder witte klere

**Seën, Amen en Orrelnaspel**

### Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 30 Aug | 18:00 – Ds. Jan Lubbe & oudl. Ellen-Anne Swart: *Die onverwagse op-roep om te gaan staan waar Jesus staan – by die vreemdeling/ vlugteling, 3-5 Julie ’26* (Getuienisbediening) |
| Sondag, 6 Sept. | 09:30 – Ds. Janke Hurter; gesinsdiens in saal – ds. Johan Marais.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van stilte, Woord en gebed* (Taizé). |
| Sondag, 13 Sept. | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – prof. Jan-Albert van den Berg.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Dr. MP de Jager (Preek van die Leek). |

Ons nooi alle Graad 7’s en hul ouers na ‘n “oorgangsgesprek” vanoggend direk ná die Gesinsdiens in die saal, gelei deur ‘n voorligtingsielkundige Anneke Franken.

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

30 Aug. Nina Bloem, Breggie Kühn en Austin van den Nieuwenhof.
31 Aug. Marilene Geldenhuys, Liam Gray, Jandré Syfert en Jan Vorster.
01 Sept. Maudéne de Jager, Neels de Leeuw, Nico Kruger, Doreen Meiring, Anita Swart, Marcharl Pelser en Charné Weyers.
02 Sept. Paula Berry, André Botha, Annelien Diedericks, Charl Marais en Bennie Roets.
03 Sept. Ian Coetzee.
04 Sept. Jan Lubbe, Eddie Schutte, en Anke en Lizri Weyers.
05 Sept. Maryna Jacobs, Hanlie Matthee, Marilize van Zyl en Elmarie Viljoen.

Ons gebede klink op vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Ansie Barnard (Genl. Cronjéstr. 38, wyk 9a); Jan Davel (Santé 68, wyk 18b); Erna Strydom (Woodlands Hights 2, wyk 12b); Charlotte Horak (Noorderbloem, wyk 17) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Ons dink ook aan al ons matrieks (en hul ouers) wat besig is met die September-eksamens; baie sterkte – ons bid jul gesondheid en krag toe, selfdissipline en 'n goeie geheue en insig. So-ook aan al ons ander leerders en studente! En terwyl by die skole: Geluk aan oudl. Pieter Klindt wat as adjunkhoof by Laerskool Willem Postma aangestel is – ook wysheid toegebid!

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. ds Jan Lubbe in die Konsistorie: *"Biref van Jakobus."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep (19:00) vir jongmense 19:30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) – in Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *"'n Padkaart vir die lewe."* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

Baie dankie aan Wyke 18, 19 en 20 wat in Augustus vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter gesorg het; in September is **Wyk 1** (suidelike grens, bo teen Grant's Hill) en vrywilligers aan diens. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

### GEMEENTEBEDIENING

**Seniorbediening:** Alle lidmate 65+ word uitgenooi na ons Lentekuier volgende Woensdag-oggend, 9 September om 09:30 – dagboek solank dié saamkuier...

### GETUIENISBEDIENING

**Gemeentemark:** Ons volgende Gemeentemark is op Vrydag, **4 September**. Ons verwelkom skenkings van bruikbare klerasie en kombuisware; en dankie ook solank aan al die helpers!

### FEESPROGRAM 2026

Berg-en-Dal gedenk in September 2026 dankbaar ons sewentigste bestaansjaar (1956). Ons nooi almal nou reeds uit na die volgende feesgeleenthede:

- Woensdag, 9/9 — Spesiale Seniorbyeenkoms (09:30)
- Vrydag, 18/9 — Kermis vanaf 12:00; Kinderpartytjie 15:00; Padwedloop 18:00…
- Sondagoggend, 20/9 — Feesdiens, Doop en Lentelofprysing (09:30)
- Sondagaand, 20/9 — Orrelkonsert deur dr Johan Cromhout (18:00)
- Dinsdag, 22/9 — Oggendwyding en danksegging (07:00)

Ons nooi alle lidmate om op of rondom **22 September 70 minute** van dankbaarheid iewers in die gemeenskap of by die gemeente, as 'n vrywilliger van jou tyd, aandag, gawe en energie te kom/gaan gee – hier is solank 'n paar voorstelle: besoek iemand wat eensaam is, of oudgeword het (soos by Siësta, Serenicare, Noorderbloem of Santé); reik uit na personeel wat siekes versorg (kontak Hospice of Siësta); reik uit na die kinders by Gladstoneweg Jeugsorgsentrum; neem vir petroljoggies by Preller Motors 'n sappie; doen iets spesiaal vir 'n huishulp of tuinwerker; besoek Sunflower Hospice of Jean Webber Tehuis vir gestremde persone; besoek die DBV of "New Beginnings"; kom help met 'n gemeenteprojek of in die tuin by die kerk; knap ons verkeerseiland voor die kerk of 'n ander publieke ruimte rondom Prellerplein op…

**18 September: Berg-en-Daller 2026 Pentagon Pistols Padwedloop**
Aanlyn inskrywings is nou oop! https://www.entryninja.com/events/84353-berg-en-daller – sien advertensie vir meer inligting... En begin oefen – uit met daardie tekkies!

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 30 Augustus: **TOIBO** (vir Gehoor- en Siggestremdes). U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

**Baie dankie!** Bybelsondag 2026 se muntlegging vir die Bybelgenootskap en hul werk, het **R 9 494,10** opgelewer, en die opbrengs vir die Botshabelo Koorfees was **R 6 639,07**…